REGVERDIG BAKLEI

Julian Müller

Ek is bly die redaksie het nie vir my gevra om te skryf oor “konflikhantering” nie. Die begrip *konflikhantering* het so afgesaag geraak, want dit word omtrent in elke populêre publikasie oor die huwelik en gesin gebruik. Maar afgesien daarvan, skep dit die verkeerde indruk. So asof mens konflik kan hê sonder om te baklei. In Afrikaans het *baklei* ‘n lekker emosionele klank, terwyl *konflik* na iets tegnies klink. Ek skryf liewer oor *regverdig baklei*, as oor *konflikhantering.*

Die huwelik en die gesin is immers hoogs emosionele aangeleenthede. Dit is tog glad nie ‘n soort kontrak wat mense met mekaar aangaan op grond waarvan hulle die “besigheid” van die huwelik en die gesin probeer bedryf nie. In ‘n besigheid sou mens die begrip *konflikhanterig* kon gebruik, want dit veronderstel ‘n saaklike hantering van verskille. In die gesin is daar eintlik nie saaklikhede nie. Alles is emosioneel, want die betrokkenes staan met mekaar in intieme gesinsverhoudinge. En intiem kan mens nie met mekaar wees, sonder om die hoogspanningsveld van emosionaliteit te betree nie. Daarom het ons nie *konflik* soos twee kontrakterende partye nie. Ons *baklei* soos mense wat vies word en te na gekom voel en woedend raak vir mekaar! Dit is eenvoudig nie moontlik om in ‘n konfliksituasie, opsy te staan en ewe koel en kalm die konflik te ontleed en dit dan on-emosioneel te *hanteer* nie.

Maar daar is beter en slegter maniere van baklei. Daarom maak dit sin om die begrip *regverdig* by te trek. Daar is gevegte wat meer afbrekend en onregverdig is as ander.

Dit hang egter nie af van die tegniek van die bakleiery nie (soos wat die begrip *konflikhantering* suggereer nie). Dit hang af van die aard van die verhouding. In ‘n verhouding wat in wese regverdig is, sal die bakleiery ook regverdig wees. Maar in ‘n verhouding wat ten diepste onregverdig en onbillik is, kan daar nooit regverdig baklei word nie.

Om te baklei is deel van elke verhouding. Dit is nie vir twee mense moontlik om altyd dinge op dieselfde manier te beleef en uit dieselfde oog na gebeure te kyk nie. Dinge word verskillend geïnterpreteer en aan mekaar se aksies en woorde word betekenisse toegeken wat regverdig of onregverdig kan wees. Dat daar dan emosies van ontsteltenis en woede ontwikkel, is vanselfsprekend. Aan die grond van ‘n bakleiery is gewoonlik gekwetste liefde en seergemaakte gevoelens.

Hoe kry party mense dit reg om te baklei dat dit helend is, terwyl ander se baklei eerder lei tot nog dieper kwetsing van die liefde? Ek herhaal: dit het nie te doen met die tegniek wat gevolg word nie, maar met die aard van hulle verhouding. Waar die verhouding die heeltyd mank gaan onder gevoelens van onbillikheid, kan jy verwag dat ‘n konfliksituasie dit sal vererger. As ‘n vrou byvoorbeeld voel dat sy in ‘n onbillike verhouding vasgevang is, omdat sy ‘n mede-broodwinner is, maar ook die volle las van die huishoudelike take moet dra, kan mens verwag dat indien daar ‘n geveg sou uitbreek, sy sal probeer om die onbillikheid reg te stel, deur onregverdige verwyte te slinger. So ‘n geveg word dan die manier om “regstellende aksie” toe te pas. Dit is ‘n poging om die speelveld gelyk te maak. Hoe onbilliker jy jou situasie ervaar, hoe vennyniger moet jy slae uitdeel in ‘n geveg.

Die Bybelse resep vir ‘n regverdige geveg, naamlik dat jy nie kwaad vir kwaad moet vergeld nie (Romeine 12:17), is eenvoudig en doeltreffend. Aan die ander kant vind mense dit bitter moeilik om daardie weg van die minste te wees, te volg, wanneer hulle in ‘n onbillike verhouding staan. Kom ons gebruik heeltemal ‘n ander voorbeeld om te illustreer: Van ‘n kind wat seksueel gemolesteer word, kan tog nie verwag word om bogenoemde Bybelse weg te volg nie. ‘n Kind wat in so ‘n totaal onbillike situasie geplaas word, het die reg en moet die reg gegun word om daarteen te baklei. En as daar vanuit so ‘n vernederende situasie terugbaklei word, is dit vanselfsprekend dat daar geniepsige houe toegedien sal word. Dieselfde geld vir ‘n onbillike huweliksverhouding. Wanneer daar voortdurend verontregting plaasvind en een van die partye word nie erken en ‘n billike kans gegee nie, sou dit verkeerd wees om te staan op ‘n billike of regverdige konflik.

Die plek waar mense moet begin werk is nie die manier waarop hulle baklei nie, maar die billikheid van hulle verhouding. As een van die twee partye voel dat daar onbillike eise gestel word en dat hy of sy nie in ‘n regverdige bedeling staan nie, moet daardie gevoelens uitgespreek word. Oor onbillikheid is dit die moeite werd om te baklei en aan te hou baklei, totdat daar ‘n billiker bedeling in die verhouding onderhandel is. En dan sal dit makliker wees om die gevegte ook regverdiger te hou.

Kinders ervaar maklik ‘n onbillikheid in die wyse waarop ouers hulle hanteer. Die tradisionele gesagsverhouding waaraan ons in ons Afrikanergesinne gewoond is, het baie voordele. Ons kinders is gewoonlik baie meer gedissiplineerd en ordentlik as kinders uit kulture waar ouers en kinders ‘n meer gelyke verhouding het. Die nadeel is egter dat ons kinders, veral in die huidige tyd, dikwels verontreg en misken voel. Hulle ly onder die ou spreekwoordelike benadering van “kinders moet gesien word, maar nie gehoor word nie.” Hoe erger kinder daardie gevoel van miskenning en onbillikheid ervaar, hoe gevaarliker raak die konflik in die gesin. Daar word harde woorde en verwyte oor en weer geslinger wat soms onherstelbare skade aandoen.

Die beste manier waarop ouers vir hulle kinders kan leer om regverdig te baklei, is deur hulle regverdig te behandel. Hoe meer ouers dit regkry om weg te beweeg van die ou tradisionele ongelyke verhouding en leer om kinders soos medemense te behandel, hoe meer skep hulle ‘n situasie waarin hulle soos volwassenes op ‘n Christelike manier met mekaar kan verskil.

As ouers teenoor kinders die minste kan wees en as hulle bereid is om ook deur hulle kinders onderrig te word, skep hulle ‘n basis vir openlike en eerlike en daarom volwasse hantering van verskille in die huis. Kinders gebruik ouers as rolmodelle en as hulle sien in hulle ouers se gesindheid is daar plek vir die mening en standpunt van ‘n medemens, al is dit maar ‘n kind, dan leer hulle om ook so teenoor medemense op te tree, al is dit maar net hulle ouers!